Straatkafees

Dink solank aan idees om hierdie geleentheid sommer groots en lekker te maak. 'n Geleentheid vir die gemeente om mekaar beter se leer ken, saam te kuier, kopstukke te gesels en beplan

Belangrike gebeure

- **Ons sit dak op.** Wat 'n heerlike uitdaging. Lees meer hieroor op bladsy xx
- **1 April 2010 [Donderdagaand] 22:00. Avondmaal.**
- **2 April 2010 [Vrydagoggend] 08:00 Goeie Vrydag Nagmaal**
- **Sokker 2010. 10 Junie 2010 sluit die skole en is dit sokker tyd. Ons gaan sekere wedstryde in die saal op die groot skerm uitsaai. [sien artikel oor sokker]**
- **Pinkster 2010. 10:00 pinksterdienste in die ogged gelei deur Ds Tewie Pieters en 19:00 pinksterdienste gelei deur Ds Andre Joubert en Dr Johan van den Heever.**

'n Dag in die Kantoor ....

Die son sit nog kruisbeen op die horison toe ek met 'n vaard(t) opspring en my week met mening begin. Ek storm by die huis uit, onthou dat ek my sleutels vergeet het en storm terug. Die week het nou eers begin en ek is, soos my kinders sal sê "al klaar op soos ou brood". Net gou vir boeta by die skool aflaai voor ek kantoor toe vlieg. Dis makliker gesê as gedaan. Al woon ek net 3 km van die werk af vat dit my 30 minute om daar te kom. Eie aan Suid-Afrika, het twee taxi's mekaar in die kruising gegroet en die nagevolge strek 5 blokke ver! Ek kon net sowel gestap het.

Die meeste mense dink dat wanneer jy by die "kerk"-kantoor werk, werk jy nie eintlik nie. Sien, al wat jy daar doen is om attestate aan te stuur en die telefoon te antwoord. Jy kollekteer ook nie, dit wás altyd die diakens se werk!

Surprise, surprise.... neem vandag as voorbeeld. Eers het ons vergadering oor die komende week se bedrywighede, terugvoer oor verlede week se bedrywighede en uitvoer van hierdie week se bedrywighede.

Daarna is dit nasionale ope dag – die kantoor is oop vir almal! Van die bedelaar wat getrou een maal per week met sy "sob"-storie kom oor sy vrou wat siek is en sy kind wat dronk was en net ietsie soek om te eet en dalk bietjie klere?! (Hoe hy so vinnig deur 'n swart sak 2de handse klere binne 'n week gaan laat my stom)! tot die tuinier wat oor 'n stoel val en sy broek 'n winkelhak in skeur!! Tussen-in lui die foon. Mev X doen navraag oor die verhuring van die saal, oom Piet wil graag die preek van dominee van vyf weke terug bestel en nee, hy het nie internet-toegang nie, so hy kan nie die preek van die web aflaai nie, kindjie! Hoe dan nou?!

Ons moet Bybels bestel vir die kleingroep van tannie Kobie en Willie moet die nuwe blindings in die kombuis opsit maar sy kar het gebreek. Die nuwe nuusbrief moet getik word en die seniors hou 'n speletjies-oggend Donderdag in die Lapasaal en hulle is nogal 'n vrolike klompie. Dan moet ek reël vir die aflewering van die kosbokse en die kookspan soek vuurhoutjies.

O ja, daar moet nuwe plakkate gemaak oor vir die sangdiens en die boufonds drom moet geverf word. Die skoonmaker meld aan met 'n seer tand en vra pynpille... En dis net in een dag!

Ek woon reeds 25 jaar hier, ek ken die mense en diere en hulle maniere en ek is lief vir almal van hulle.. Ek is reeds vyf jaar deel van hierdie span wat Eldoraigne Familiekerk maak werk!

Lousie Peens

UITGAWE
10
APRIL
2010

Kwartaalikse
Nuusbrief
NG Eldoraigne
Familiekerk

herfsnuusbrief

In hierdie uitgawe

Kleingroep e
'n Dag in die kantoor
Dakprojek
Sokker 2010

SOKKER 2010 venster van geleentheid

Die Gemeenteraad het besluit om as deel van ons uitreike spesifieke wedstryde van die 2010 Wêreldbekerreeks hier by die gemeentesentrum op 'n groot skerm uit te saai. Die sokkeruitsendings hier by ons maak 'n groot deur oop om die besoekers voor en na uitsendings met die Evangelie te bereik. Dit bied ook vir ons as gelowiges 'n geleentheid om betrokke te wees by nasiebou. Ons kan hiermee 'n verskil maak. Die Tsoseletso-bediening, onder leiding van Cain Mazibuko, is saam met ons betrokke.

Jy kan betrokke raak by die sekuriteitsrelings en die uitsaai van die wedstryde. Om diegene wat gaan kyk en die gemeente se belange te beskerm, benodig ons gemeentelede om deel te neem in die vorm van sekuriteitswagte. Om seker te maak dat die werkslas gelykmatig versprei word, is ons op soek na 60 name. Dit behoort nooit meer as 4 ure van jou tyd op 'n slag op te neem nie. Skakel asseblief vir Johan Coetzee (083 445 0452) en Abrie Peens (083 445 5377)

Ons skop op Sondag 18 April af met 'n sokkertema: "Die Kleur van die Evangelie". Kleingroepe sal 'n studiegids met dagstukkies en weeklikse byeenkomste ontvang. Sondae sal die weektema in die prediking behandel word. Bid asb. vir die reeks dat dit ons weer opgewonde sal maak oor die Evangelie van Jesus Christus.

Dra jou sokkertrui en wees deel van die uitreik.
Johan van den Heever ansjohan@eject.co.za

Dr Johan van den Heever
+27126542342
+834482609
SA Fax 0865149546

God's ear is in the heart of the one who prays. Augustine (354-430)